# LOVE LOCAL

THE JESUS WAY

Week 1

## Johannes 13:1-17
## Jesus was die voete van sy dissipels

## Lees:
## Johannes 13: 1-17, veral vers 14-17

14As Ek, wat julle Here en julle Leermeester is, dan julle voete gewas
het, behoort julle ook mekaar se voete te was. 15Ek het vir julle 'n
voorbeeld gestel, en soos Ek vir julle gedoen het, moet julle ook
doen. 16Dít verseker Ek julle: 'n Slaaf is nie belangriker as sy eienaar
nie, en 'n gesant ook nie belangriker as die een wat hom gestuur het
nie. 17Julle weet dit nou; gelukkig is julle as julle dit ook doen."

**Gesels:**

- Was jy by 'n #imagine local byeenkoms? Herinner mekaar aan die storie van die Barmhartige Samaritaan en die betekenis daarvan.
- Hoekom dink jy het Jesus sy dissipels se voete gewas?
- As Jesus vandag op aarde in jou gemeenskap was, wat dink jy sou Hy gedoen het as 'n voorbeeld van diensbaarheid?
- Dink aan 5 maniere hoe jy kan #love local en jou gemeenskap dien.

**Bid:** Dink na oor jou eie houding en vra God dat sy Gees jou sal help om nederig en gewillig te wees om ander te dien.

**Doen:** Dink aan een ding wat jy vandag tuis kan begin doen om diensbaar te wees.

#imagine LOCAL

# LOVE LOCAL

THE JESUS WAY

Week 2

## Matteus 5:14-16
## Wees die sout vir die aarde, lamp, stad op ‘n berg

### Lees:
### Matteus 5:14-16

14 “Julle is die lig vir die wêreld. 'n Stad wat op 'n berg lê, kan nie
weggesteek word nie;
15 ook steek 'n mens nie 'n lamp op en sit dit onder 'n emmer nie maar
op 'n lampstaander, en dit gee lig vir almal in die huis.
16 Laat julle lig so voor die mense skyn, dat hulle julle goeie werke kan
sien en julle Vader wat in die hemel is, verheerlik.”

### Gesels:

- Wat is die verskil tussen gewildheid op Tiktok of Instagram en die tipe “attraction” waarvan Teodor in die video praat?
- Vertel van ‘n keer waar jy gesien het dat iemand “Jesus se lig laat skyn”.
- Watter dinge in jou gemeenskap versprei “donkerte” of wanhoop?
- Wat is die grootste struikelblokke wat keer dat jy ‘n “lig vir die wêreld” of “stad op ‘n berg” kan wees?

**Bid:** Dink na oor die dinge wat “donkerte” in jou gemeenskap bring. Vertel dit vir Jesus en vra Hom om jou te help om Sy lig te skyn.

**Doen:** Hoe kan jy ‘n lig wees deur jou woorde, aksies en besluite? Dink aan klein, praktiese dinge wat jy vandag kan doen, soos om gaaf te wees en ander te groet.

#imagine LOCAL

# LOVE LOCAL
THE JESUS WAY

Week 3

## Matteus 13:44-46
## Die gelykenisse van die weggesteekte skat en pêrel

**Lees:**
**Matt 13:44-46**

44 "Met die koninkryk van die hemel gaan dit soos met 'n skat wat in 'n saailand onder die grond lê. Wanneer iemand dit kry, maak hy dit weer toe; en omdat hy baie in sy skik is, gaan verkoop hy alles wat hy het, en hy koop daardie land.

45 Met die koninkryk van die hemel gaan dit soos met 'n handelaar wat op soek is na goeie pêrels.

46 As hy 'n baie waardevolle pêrel raakloop, gaan verkoop hy alles wat hy het, en koop die pêrel."

**Gesels:**

- Dink aan 'n keer toe iemand vir jou 'n kompliment gegee het of iets positiefs in jou raakgesien het. Hoe het dit jou laat voel?
- Vertel van iemand wat, tot jou verbasing, ook potensiaal het.
- Wie is die "misfits" of die mense op wie daar neergekyk word in jou gemeenskap?
- Is daar hoop vir jou dorp of gemeenskap? Waar kan jy begin soek vir die weggesteekte skatte of potensiaal in mense, en hoe kan jy dit doen?

**Bid:** Bid oor die mense wat jy weet nie in hulself glo nie. Vra vir God om hul waarde bekend te maak, sodat hulle Sy liefde kan ervaar.

**Doen:** Vir wie kan jy help om te glo dat hulle 'n weggesteekte skat het wat ontdek moet word? Begin vandag deur hulle met woorde te bemoedig.

#imagine LOCAL

LOVE LOCAL
THE JESUS WAY

Week 4

## Lukas 14:12-24
## Die gelykenis van die groot maaltyd

## Lees:
## Lukas 14: 13-14 en 18-21

13 Nee, as jy 'n feesmaal gee, nooi dan armes, kreupeles, verlamdes en blindes. 14
Jy kan jou gelukkig ag dat hulle niks het om jou mee te vergoed nie, want God sal
jou vergoed by die opstanding van dié wat reg gedoen het."
18 Maar hulle begin almal, die een na die ander, verskoning maak. Die eerste sê vir
hom: 'Ek het 'n stuk grond gekoop en dit is noodsaaklik dat ek uitgaan om daarna
te kyk. Ek vra u, verskoon my asseblief.'
19 'n Ander een sê: 'Ek het vyf paar osse gekoop en gaan hulle probeer. Ek vra u,
verskoon my asseblief.'
20 Nog 'n ander een sê: 'Ek is pas getroud, daarom kan ek nie kom nie.'
21 "Die slaaf kom toe terug en vertel dit alles aan sy eienaar. Toe word die man
kwaad en sê vir sy slaaf: 'Gaan uit na die strate en gangetjies van die stad en
bring die armes en kreupeles en blindes en verlamdes hierheen.'

### Gesels:

- Wat het jou verbaas in die storie wat Christo in die video vertel het oor mense wat op straat bly?
- Wat beteken hierdie storie oor die armes, kreupeles, blindes en verlamdes wat na die maaltyd genooi word, vir jou?
- Wie is die mense in jou gemeente wat anders as jy lyk of ander ervarings as jy het?
- Hoekom is dit belangrik om stories te deel en 'n verskeidenheid mense om ons tafels in te sluit?

**Bid:** Bid oor armoede, hongersnood en haweloosheid en vra Jesus om vir jou 'n vrygewige en omgee hart vir ander te gee.

**Doen:** Aanvaar die uitdaging om 'n maaltyd saam met iemand wat anders as jy is te eet en na hul storie te luister.

#imagine LOCAL

# LOVE LOCAL

THE JESUS WAY

Week 5

## Lukas 15:11-31
## Die gelykenisse van die verlore muntstuk, skaap en seun

## Lees:
## Lukas 15:21-24

21 Toe sê die seun vir hom: ‘Pa, ek het teen God en teen Pa gesondig.
Ek is nie meer werd om Pa se seun genoem te word nie.’
22 Maar sy pa roep sy werksmense: ‘Maak gou! Bring klere, die beste,
en trek dit vir hom aan; sit vir hom 'n ring aan sy vinger en trek vir
hom skoene aan!
23 En bring die vetgemaakte kalf, slag hom, en laat ons eet en
feesvier!
24 Hierdie seun van my was dood, en hy lewe weer; hy was verlore,
en ek het hom teruggekry.’ Toe het hulle begin feesvier.

## Gesels:

- Watter een van die 3 “verlore” stories (muntstuk, skaap of seun) in Lukas 15 hou jy die meeste van en hoekom?
- Vertel van ‘n keer toe jy skuldig, verlore, eensaam, sonder hoop, of onwaardig gevoel het.
- Wat het jy op daardie stadium van jouself gedink? Hoe het ander mense jou behandel?
- Hoe laat die pa se reaksie in die storie van die verlore seun jou voel?
- Hoe dink jy het hierdie gebeurtenis die seun verander? Hoe sou jy reageer het?

**Bid:** Dank Jesus dat Hy jou onvoorwaardelik liefhet en vergewe. Bid vir jou vriende wat “verlore” voel en Sy genade nog moet beleef.

**Doen:** Deel hierdie week jou gunsteling “verlore” storie in Lukas 15 met iemand! #lovelocal

#imagine LOCAL

# LOVE LOCAL
THE JESUS WAY

Week 6

## Matteus 13:1-23
## Die gelykenis van die saaier

### Lees:
### Matteus 13:18-23

18 "Luister julle dan na wat die gelykenis van die saaier beteken:
19 Die Bose kom by elkeen wat die woord van die koninkryk hoor maar dit nie
verstaan nie, en vat dan weg wat in sy hart gesaai is. Dit is hy by wie daar op
die pad gesaai is.
20 Die man weer by wie daar op die klipbanke gesaai is, is hy wat die woord
hoor en dit dadelik met blydskap aanneem.
21 Hy laat dit egter nie by hom wortel skiet nie, en hy hou nie lank uit nie. As
hy ter wille van die woord verdruk en vervolg word, word hy gou afvallig.
22 Die man by wie daar tussen die onkruid gesaai is, is hy wat die woord hoor,
maar die bekommernis van die lewe en die verleidelikheid van rykdom verstik
die woord, en dit bly sonder vrug.
23 Die man by wie daar op goeie grond gesaai is, is hy wat die woord hoor en
dit verstaan. Hy dra inderdaad vrug en lewer 'n oes: soms honderdvoudig,
soms sestigvoudig, soms dertigvoudig."

### Gesels:

- Wat verbaas jou in hierdie gelykenis (storie) wat Jesus vertel oor hoe verskillende mense op God se woord reageer?
- Watter afleidings is daar alles wat verhoed dat jy na God luister?
- Wat beteken dit om "vrug te dra" of 'n "oes te lewer"?
- Simone vertel in die video dat sy haar houding verander het. Wat moet jy verander om "vrug te dra"?

**Bid:** Erken en bely die dinge wat jou keer om werklik na God se woord te luister.

**Doen:** Vra 'n vriend om jou verantwoordbaar te hou om tyd te maak vir Bybel lees en bid!

#imagine LOCAL

# LOVE LOCAL

THE JESUS WAY

Week 7

**Lukas 14:7-14**
**Nederigheid en gasvryheid**

**Lees:**
**Lukas 14:7-14**

12 Hy het ook vir die gasheer gesê: "As jy in die middag of in die aand 'n
maaltyd gee, moet dan nie jou vriende of broers of familie of ryk bure uitnooi
sodat hulle jou waarskynlik ook weer uitnooi en jou op dié manier vergoed nie.
13 Nee, as jy 'n feesmaal gee, nooi dan armes, kreupeles, verlamdes en
blindes.
14 Jy kan jou gelukkig ag dat hulle niks het om jou mee te vergoed nie, want
God sal jou vergoed by die opstanding van dié wat reg gedoen het."

**Gesels:**

- Wat het Mahalia in die video gesê wat jou bygebly het?
- Het jy al Jesus se uitnodiging aanvaar om na sy tafel toe te kom en met Hom 'n verhouding te hê?
- Kan jy 'n storie onthou waar Jesus 'n persoon of groep ingesluit het wat gewoonlik uitgesluit was?
- Wie is die mense wat gewoonlik in jou skool of gemeenskap uitgesluit word? Hoe kan jy hulle met deernis behandel en uitnooi om God se liefde te ervaar?

**Bid:** Bid oor jou eie houding en gewilligheid om nederig te wees en ander te dien.

**Doen:** #lovelocal hierdie week en besoek iemand in jou gemeenskap wat oud, siek of eensaam is. Onthou om veilig te wees, neem 'n vriend saam, dra jou masker en ontsmet jou hande.

#imagine LOCAL

# LOVE LOCAL
THE JESUS WAY

Week 8

## Lukas 11:5-13
## Jesus se onderrig oor die gebed

### Lees:
### Lukas 11:5-13

9 "Ek sê vir julle: Vra, en vir julle sal gegee word. Soek, en julle sal kry. Klop,
en vir julle sal oopgemaak word.
10 Elkeen wat vra, ontvang, en elkeen wat soek, kry; en vir elkeen wat klop,
sal oopgemaak word.
11 Is daar 'n pa onder julle wat as sy seun vir hom 'n vis vra, vir hom 'n slang
sal gee in plaas van die vis?
12 Of as hy 'n eier vra, vir hom 'n skerpioen sal gee?
13 As julle wat sleg is, dan weet om vir julle kinders goeie dinge te gee – die
Vader in die hemel nog baie meer! Hy sal die Heilige Gees gee vir dié wat
vra."

### Gesels:

- Percy vertel in die video die storie van Lukas 11: 5-9 oor iemand wat aanhou klop en sy vriend vir brood vra. Wat het vir jou uitgestaan in haar vertelling hiervan?
- Onderstreep al die beloftes in die Skrifgedeelte. Hoe motiveer hierdie beloftes jou om te bid en God te vertrou?
- Hoe sal jy 'n vriend bemoedig wat voel dat God hul gebed nie hoor of beantwoord nie?

**Bid:** Neem vandag tyd om jou gedagtes en lewe deur gebed met Jesus te deel. Bid ook vir behoeftige mense rondom jou.

**Doen:** Vra iemand om daagliks saam met jou te bid. As julle nie altyd bymekaar kan kom nie, stuur jul gebedsversoeke en bemoediging vir mekaar.

#imagine
LOCAL

# LOVE LOCAL

THE JESUS WAY

Week 9

## Lukas 21:1-4
## Die klein gawe van die arm weduwee

### Lees:
### Lukas 21:1-4

1 Jesus het rondgekyk en die rykes hulle gawes in die offergawekis
sien gooi.
2 Hy sien toe ook 'n arm weduwee twee klein muntstukkies daar
ingooi,
3 en Hy sê: “Dit verseker Ek julle: Hierdie arm weduwee het meer
ingegooi as al die ander.
4 Hulle het almal iets uit hulle oorvloed in die offergawekis gegooi,
maar sy het in haar gebrek alles ingegooi wat sy gehad het om van te
lewe.”

### Gesels:

- In die video sê Thys dat aanbidding meer as net sang is. Hoe sal jy aanbidding beskryf?
- Verbeel jou dat jy een van die dissipels is wat hierdie storie beleef het – wat dink en voel jy? Wat wil jy graag vir Jesus vra? En hoe dink jy sal Hy reageer?
- Wat vertel hierdie storie vir ons oor die houding wat ons behoort te hê wanneer ons vir God gee / aanbid?
- Vertel van ‘n keer toe jy iets gegee het en God dit gebruik het.

**Bid:** Maak tyd om Jesus te aanbid deur jouself aan Hom te gee. Dalk wil jy musiek as ‘n gebed gebruik of ‘n stil plek soek om na God te luister en met Hom te gesels.

**Doen:** Dink aan iets wat jy kan gee of met iemand deel – dit kan geld, kos, sport toerusting, klere, data, boeke of selfs jou tyd en moeite wees. #lovelocal

#imagine LOCAL

LOVE LOCAL
THE JESUS WAY

Week 10

## Markus 4: 30-32
## Die gelykenis van die mosterdsaadjie

**Lees:**
**Markus 4: 30-32**

30 Hy het ook gesê: “Hoe sal ons die koninkryk van God voorstel, of met
watter gelykenis sal ons dit uitbeeld?
31 Dit is soos 'n mosterdsaadjie. Wanneer dit in die land geplant word, is dit
die kleinste van al die soorte saad daar in die land.
32 Maar as dit eenmaal geplant is, kom dit op en word dit groter as al die
tuinplante. Dit kry sulke groot takke dat die voëls in sy skaduwee kom nes
maak.”

**Gesels:**

- Jesus het talle metafore gebruik om aspekte van die koninkryk van God te beskryf. Wat dink jy beteken hierdie gelykenis?
- Kan jy aan iets kleins dink wat ‘n groot verskil gemaak het?
- Hoe kan sosiale media soos ‘n saadjie wees vir (goeie of slegte) dinge?
- Waar het jy invloed? (skool, vriende, familie, sportspan, ens.) Hoe kan jy jou (klein) invloed gebruik om te #lovelocal? Hoe kan God dit na iets groter laat groei?

**Bid:** Skryf die drome wat jy vir jou skool of dorp het, neer. Vra God om jou getrou te maak in die klein dinge vir sy koninkryk en dat sy koninkryk sal groei en ‘n groot verskil maak.

**Doen:** Kies om vandag getrou te wees in die klein dingetjies – gebruik vriendelike en opbouende woorde, help iemand met iets en glimlag! #lovelocal

#imagine
LOCAL